Bybel vir Kinders

bied aan

'n Prins word die Skaapwagter

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus

Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2012 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Moses het gesien hoe 'n Egiptenaar 'n Hebreër slaaf slaan. Alhoewel Moses groot gemaak en geleer was as 'n prins in Farao se paleis, was hy eintlik 'n Hebreër. Hy moes die slaaf help.

Moses het om hom rond gekyk en seker gemaak niemand kyk nie en het die slawedrywer wreed aangeval. In die geveg wat gevolg het, het Moses die Egiptenaar gedood. Vinnig het hy die lyk begrawe.

Die volgende dag sien Moses twee Hebreërs veg. Hy het probeer om hulle te stop. "Gaan jy my ook dood maak soos die Egiptenaar?" het die een gevra. Moses het bang geword, almal weet van gister, Farao ook. Moses moes vlug. Hy het na die land Midian gegaan.

Moses het by die put gerus en sewe dogters van die priester van Midian het die krippe gevul met water vir hul vader se vee.

Die ander skaapwagters het probeer om hulle uit te skuif. Moses het die vroue beskerm en gehelp.

"Julle is vroeg by die huis!" het Réhuel die dogters se vader gesê. Die dogters het vertel wat by die put gebeur het. "Bring die man hier" het hy gesê. Moses het by Réhuel, ook genoem Jetro gebly. Hy het ook met Réhuel se oudste dogter getrou.

In Egipte het Farao gesterf.
Die mense van God, die Hebreërs was steeds slawe.
Hulle het baie gekla oor die verdrukking!
Hulle het tot God gebid vir hulp. God het hul gebede gehoor.

Moses het dit nie geweet nie maar God se plan was om hom te gebruik om die Hebreërs uit slawerny te red. Veertig jaar het verby gegaan sedert Moses uit Egipte is. Hy was die wagter van Réhuel se skape. Hy het sy mense in Egipte gemis.

Eendag sien Moses 'n bos brand, maar die vuur het nie die bos verteer nie. Hy het nader gegaan om te sien wat aangaan.

Toe Moses nader gaan roep God hom uit die brandende bos. "Moses!" "Hier is ek," antwoord hy. "Moenie te naby kom nie," sê God. "Trek uit jou skoene, die grond waarop jy staan is heilig."

“Jy moet na Farao gaan en my mense uit Egipte lei,” sê God. Moses was bang om te gaan.

God het aan Moses Sy groot krag gewys.
Hy het Moses se staf verander
in 'n slang.

Moses het die slang opgetel aan sy stert en dit het weer 'n staf geword. God het ook 'n ander teken gegee.

"Sit jou hand in jou boesem," beveel God. Moses maak so. Sy hand het wit geword van melaatsheid.

Hy het weer sy hand ingesteek
en dit was gesond.

Moses wou nog steeds nie gaan nie. "Ek praat nie maklik nie," sê hy. God het kwaad geword. "Ek sal Aäron, jou broer, gebruik om die woorde te spreek wat jy hom sê." sê God.



Moses is terug na Jetro en het sy besittings gepak en na Egipte gegaan.

God het Moses se broer Aäron gestuur om hom in die berge te ontmoet. Moses het Aäron alles vertel wat God se plan was om die Hebreërs te red van die Egiptenaars.

Saam het hulle met die nuus na die Hebreërs se leiers gegaan. Moses het die tekens aan die Hebreër oudstes gewys en hulle het geweet God gaan hulle help.

Saam het hulle God aanbid.

Vol moed is Moses en Aäron na Farao.
"God sê, 'Laat my mense trek'," het hulle gesê.

“Ek sal Israel nie laat trek nie,” het Farao gesê. Hy sou God nie gehoorsaam wees nie.

God sou Sy groot krag moet gebruik om Farao te ooreed om hulle te laat trek.

'n Prins word die Skaapwagter

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Exodus 2 - 5

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16